

# ONS OU VOLKSLIEDJIES

Deur

„'n Stem in die Woestyn.”

ONS kan 'n volk vergelyk met 'n kind. 'n Pasgebore kind beskik oor geen selfbewussyn nie; hy is onbewus dat hy in die wêreld is; verkeer in 'n toestand van selftevredenheid, en daar is niks wat sy belange opwek nie. Stadig groei die kind liggaamlik en geestelik, en mettertyd, ná 'n reëlmatige ontwikkelingsgang, tree die kind as uit 'n droom in 'n toestand van werklikheid, selfbewustheid, waarvan sy omgewing die hoof dryfveer wat belange by hom prikkel, is. Hy begin te verstaan, en besef *ipso facto* dat hy iets is; 'n persoonlikheid in die huisgesin vorm waarvan hy afhanklik is.

Die kind se karakter het nie somar 'n eie rigting gekies nie, maar daar is sekere bepalings wat hom in 'n afsonderlike pad gebou het, wat naamlik as grondslag van sy persoonlikheid gedien het.

Die vernaamste bepalende faktor in sy ontwikkeling is sy ouers. Die ouers se karaktertrekke, invloed in die huislike omgangskring en omgewing bepaal grotendeels in watter rigting die kind ontwikkel; hieruit vloei die verskil tussen huisgesinne voort.

ONS vind ook die volk in sy babetjie-stadium, onbewus van homself, sonder definitiewe ideale of strewe; sy ideale is latent, soos by die kind. Die jong volkie ontwikkel; stadigaan ontwaak hy uit sy sluimerende toestand; daar kom 'n besef van 'n volksverband, wat vir elke burger openbaar dat hy nie maar op sigself 'n rondswerwende enkeling is nie, maar dat sy belange, taal, tradisies en ideale dieselfde as dié van sy volk is; dat dit 'n bepaalde rigting volg, wat aan die hele volk 'n eie nasionaliteit gee, verskillend van dié van ander volke.

'n Jong volkie het sy bewussyn gekry. Hoe het die volkie ontwikkel om daardie stadium te bereik? Dieselfde bepalings as vir die kind geld ook hier. Die geartheid van die land, die omgewing, en die natuurinvloede is die hoofkaraktervormende motiewe van die jong volkie, wat saamsmelt met die karaktertrekke, ideale en strewe van die voorvaders; en so word 'n nuwe volksgees geskep wat kenmerkend sal wees by die eerste „volkswoordjies”, nl. volksliedjies. In die opgroeiende kind vind ons dus die ineen-smelting van die geesteselemente van die ouers met die eie persoonlikheid van die kind; by die volk die geesteselemente van die voorvaders en die natuurinvloede. Daarom vind ons so baie van ons volksliedjies wat afkomstig is van ons voorvaders, veral die Hollanders, Duitsers en Engelse.

Die kind moet van kleins af reëlmatig en stadig opgroei om 'n man te word; so moet die jong volkie ook stadig bou om 'n volk te word. Die volk se eerste fondamentsteen word gelê, waarvan die ineen-smelting van natuurinvloede met die geesteselemente van die voorvaders die rigting aandui wat die volksliteratuur sal volg. Nadat daar in die jong volkie 'n eie onafhanklikheidsgevoel bestaan, en 'n volk sy eie bestaan besef, kom daar as vanself 'n ontwakings-, 'n drang-, 'n renaissance- en 'n verlanse na die skeppings van 'n volkseie, want volksliedjies is 'n volkseie. Dis ons kulturele begin, ons nasionaliteitsbegin, die geboorte van 'n Afrikaner-nasie met sy eerste woordjies: volksliedjies. Daarom moet hier daar nê op die individuele persoon gereken word nie, maar die motiewe en opflikkering moet voortvloei uit die volksgeheel—daarom word dit bekroon met die naam volksliedjies.

Die eerste woordjies van die kind besit nie veel waarde nie; maar hy moet eers woordjies harkel, om daarna sinnetjies en gedagtes te uiter—daarom is volksliedjies die eerste saadjies van 'n volksliteratuur, en eers later, ná die liedjies, kom die groot digters. Ons kan dus vanself oordeel dat volksliedjies nie aan die hoë letterkundige vereistes voldoen nie, want dis oppervlakkige uitings, en nie diep-sluimerende hartstogte wat uit 'n digtersiel ontvlam nie. Dis nie deur innerlike motiewe, wat voldoening gee aan 'n oorstelpte gemoed, tot uiting gedryf nie. Ons kan nie daarin die gevoelvolle trillinge van die digtersiel voel nie, nog minder die uitings van sy hartstogte. Ons kan nie hier inleef in die digter se weemoedige stemminge, diepe mymeringe, vreugde, haat, of sy warm vaderlandsliefde nie. Nee, net soos by die kind, is

hy nie meteens 'n verstandige man nie; maar ons vind eers sy kinderlike idees, woorde en maniere en later eers volg hy as man, wat aan sy eie individuele persoonlikheid uiting gee. Ook by die volk vind ons nie meteens 'n letterkunde nie, maar die eerste uitings vind ons in sy gemeenskapkuns, d.w.s. volksliedjies, wat gevorm is uit die volksmond, dis 'n produk van die volk self—dis 'n volkseie.

Daarom behoort ons, as Afrikaners, ons enigste volksgemeenskapkuns te waardeer, en te sorg dat dit nie heeltemal in die vergetelheid verdwyn nie—soos alreeds die geval met baie van ons ou liedjies is.

Nou volg dit vanself dat volksliedjies nie 'n golfslag van hartstogtelikheid is nie; dis nie so strekend, so gevoelvol as 'n lieriese stukkie wat te ru was om uit die siel van die kunstenaar in vaste vorm gegiet te word nie—daarom sal ons nie in die liedjies digterlike persoonlikheid, tegniese bekwaamheid, kunstige woordgebruik, verbeelding, of impressionisme vind nie; nog minder die soete streling, heerlike dieptes waarin ons oormoederde gevoel ons dompel, en waarin rustelose gemoedere versadiging vind nê.

Al besit hierdie liedjies geen besondere literêre waarde nie, tog besit hulle dieselfde mag tot streling, en tref hulle die teer snare van die jong bevolking wat nog geen kunsbesef het nie. Die fynbeskaafdes vind gewoonlik geen skoonheid in dié liedjies nie, maar by ons onbevoorregte gedeelte vind ons 'n innige waardering, omdat hulle die uiting van hul eie gevoel daarin bebeeld sien; omdat dit 'n volkstem is waarin elke persoon sy vaderlandsliefde hoor, wat sy hart in verrukking bring; want hier sing hy liedjies van homself, waarin hy geskilder sien die stryd van sy vaderland teen indringende magte, barbare, tiranniese uitlanders en veral, die stryd van sy half-vermoorde taal. Hier word vir hom openbaar die geesteselemente en karaktertrekke van sy voorvaders, n.l. vryheid en stoerheid, godsdiens en gasvryheid, hier sien hy sy eie, geliefde, Afrikaanse natuur.

Met reg kan ons sê dat die vryheidsidee in die eerste Suid-Afrikaanse volksliedjies die hoofrol speel, want die gevoel is alreeds oorgeërf van die Hugenote. Hier is daardie kernliefde al te bespeur, en weens die invloed van die verskillende rasse in die land, het die ontwikkeling van die eerste talente sterker en sterker geword, gepaard met die samesmelting van die drie hoofelemente, en 'n vaste rigting gekies, waarvolgens die eerste volksuiting sou gekenmerk word. Die Franse volk was vrolik en opgeruimd. Die Duitsers musikaal, en die Hollanders ferme en sedige mense. Die drie elemente het nie elk in sy eie rigting ontwikkel nie, maar hulle het ineen-gesmet en die produk was Afrikaners—daarom sou die liedjies ook een rigting volg.

Die koloniste lughartig en beweeglik van gees was; kan ons met voorbeelde uit die geskiedenis bewys. Dink maar aan die gesellighede en partye; die jaarfeeste van Simon van der Stel, die feesgeleenthede van sy seun Willem Adriaan van der Stel; selfs die „Dagverhaal” van Adam Tas teken aan van vrolike gesellighede, waarby die dans die vernaamste deel van die program uitmaak het—daarom is die Afrikaner ook so danslustig.

ONS kan nie betwyfel dat baie van ons volksliedjies al destyds hul bestaan gehad het nie; dat baie wat toe bekend was, nou al van die toneel verdwyn het, kan ons ook nie bestry nie, want by voorbeeld die ou volksliedjie wat dagteken van 1849 met die Antibandiete-verbond en getiteld: „Die Boereman is 'n Gentleman” het heeltemal van die toneel verdwyn. In die Voortrekertydperk vind ons nie veel liedjies nie, want hulle moes maar altyd veg, en feitlik alleen die Bybel en die gesangeboek is gebruik. Baie van

ons volksliedjies is oorgeërf van die Hollanders, Duitsers en Engelse (word later aangetoon). Volgens die inhoud en woorde van die liedjies kan ons hulle onder verskillende hoofde indeel:

**Piekniesliedjies:** Piekniesliedjies maak 'n groot deel van ons volksliedjies uit, en juis hulle staaf mooi die bewering omtrent gemeenskapkuns, want hulle vloei uit geen digterspen nie. Hier het ons 'n suiwer produk van die volk self. Hulle is die oudste liedjies, verreweg die meeste, en het 'n eienaardige oorsprong. Sodra die pieknies begin, word 'n liedjie aangehef. Die eerste reëltye word gesing 'n ander voeg 'n reëltye by, en algaande word die liedjie as vanself geskep.

Die skeppingsproses word op die volgende pieknies herhaal sodat die liedjie mettertyd deur die hele land versprei word. Op dié manier het baie liedjies hul ontstaan gehad.

In hierdie liedjies vind ons geen tegniek of kunstige woordskikking nie, maar gewoonlik 'n aaneenskakeling van betekelose woordreekse, ritmies agtermekaar gespan, al is dit maar net:

„Dit was so op die Nuwejaar,  
Oom Jannie het tant Sannie se toon getrap—  
So op die Nuwejaar.  
Tant Sannie eet toe baie koek, so op die  
Nuwejaar;  
Haar maag die word toe baie seer so op die  
Nuwejaar.”

Of:

„Oom Jannie, bring die bottel, laat ons nog  
'n sopie drink.”

Of:

„Hoenderkop en pootjies en tamatieslaai;  
Daar onder in die bos vlie 'n witborskraai.”

Die verskillende afwykings, ruheid of onsin word nie na opgelet nie, as die liedjie maar net aan sy doel beantwoord, dan vervul hy die vernaamste vereiste.

In die meeste gevalle word daar piekniesidees, pieknieswoorde en -gedagtes ingevoeg. Dis baie moeilik om die betekenis van baie van die pieknieswoorde te ontsyfer. Dit is geheimsinnige, onverklaarbare woorde wat dien om iets geheims uit te druk, sodat ander die betekenis nie altyd kan begryp nie. Dit is 'n eienaardige produk van woorde, wat ons nader kan beskryf as woorde wat behoort tot die geheimsinnige volksliedwoorde-skat. 'n Paar woorde wat moeilik omskrywe kan word, is *hiefel* en die *fiefel*, *aljanter* of *aljaral*, *Siembambaa*. Wat hulle eintlik beteken, weet ons nie. Wat beteken *hiefel*? Is dit nie miskien te wyte aan Bolandse of Maleise uitspraak dat die woordklanke hier verander het nie? Is dit nie miskien die uitspraak van *heuwel*, *hevel* of *hewer* (sifon) nie? Maar wat van *fiefel*? Daar is g'n woord waar dit van afgelei is nie. Beteken *fiefel* nie miskien *peper* nie. Dikwels hoor ons Kaapse volk van *fiefel* en *asyn* praat. Net so met *siembambaa*. Ook wat *aljaral*, *aljanter* beteken, is net so 'n geheim.

ONS neem nou die jongspan 'n bietjie na die ope natuur, ver van die huise, ontbloeit van die mantel van beskawing. Nog lank voor sonop is die jongkêreltjies met die dametjies op die waens, en voor jy jou verbeel waar jy is, klink die openingskoor: „Die hoenders die kraai, en die rooidag die breek.” Nou volg enige liedjie, en dis somar: „Saai die waatlemoen,” of: „Die een kant op, en die ander kant af, en daar lê die ding.”

Die wa het die laaste bult oor geslinger, en daar onder kronkel die rivier tussen die wilgerbome deur. Hier is mos daardie ideale plek om uit te span; hier in die ope veld, waar die roepstem van die natuur sterk is; dit besiel die jongspan met 'n gees van ontspanning, uitgelatenheid en soms stuitigheid. Die roepstem van die natuur oormeester hulle; dis 'n gewerskaf; selfs die hittige son is nie te veel vir die verbleekte velle van die dorpelinge nie. Elke piekniesganger gee nou uiting aan sy gemoedstoestand; hy sing met 'n geweldige stem, fluit en skree;—selfs harlekynstreke kom nie kort nie, want almal doen dit uit

(Vervolg op bladsy 47.)

# ONS OU VOLKSLIEDJIES

pure pret en lewendigheid. Sing, spring, koggel en geniet is aan die orde van die dag, en selfs die kunsliefhebbers sing hier met hartlikheid mee, al is dit maar net „Bobbejaan klim die berg,” of in verliefderige stemming: „Japie, my skapie, ek verlang na jou”. Of dit slaan in 'n tergende toon oor:

„Wat maak oom Kalie daar?  
Oom Kalie steek 'n stywe dop,  
en slaan sy vrou met die handsambok.”

Hoe later in die dag hoe meer geesdrif, en die ou ghitaar brul asof hy met hamers geslaan word, tot laat in die middag en almal hees geskree is. Rooi gebrand en moeg, slaan dit in 'n half weemoedige stemming oor. Almal staan hand aan hand en sing die afskeidslid aan die ou ontspanningsplek: „Sal ons ou kennisse ooit vergeet?”

En as die wa weer wegrammel oor die klippe huiswaarts, dan hoor ons tot vervelens-toe die uiters sentimentele ou liedjie (want almal is nou min of meer verlief):

„Ek kan die smart nie meer dra nie  
Van skeiding se lang, lange dag.”

Daarna is die dag afgedaan.

Afgesien van al die kaskenades op die piekniek, kan ons tog enigins opmerk in watter orde die liedjies gebruik word. Omdat die Afrikaner so danslustig is, moet die liedjie so opgestel wees dat hy op 'n dansmaat gaan; allitererende klanke en assonansies moet oorvloedig wees om 'n piekniekgeur en -gevoel daaraan te gee. Die eerste wat ons tref, is dat hier al baie Engelse liedjies gesing word, of 'n Afrikaanse liedjie met 'n Engelse entjie aan; en selfs vind ons die eenaardige name altyd in die verkleinvorm, soos Pollie, Kalie en Kittie—almal eenaardige piekniekname. Volgens piekniekgebruik word die liedjies weer gebruik vir verskillende doeleindes, veral danse (tiekiedraai) en speltjies. Almal van ons was al seker op 'n piekniek, en het gemerk dat die liedjies gesing word waar hulle tuishoort. Ons kan hulle self verdeel, as ons net 'n bietjie op die piekniek oplet wanneer hulle gesing word.

Eerste kry ons die ringdansliedjies, rydansliedjies, en gemengde liedjies. Die liedjies: „Staan Pollie, Staant,” „Pollie, ons gaan Pêrel-toe,” „Japie, my skapie,” „Ander man se koffie,” „Daar kom die wa, die vierperdewa,” en nog 'n aantal Engelse liedjies, soos „Rosie,” „Walking on the green grass,” word alleen gesing by die ringdanse—of, reg genoem, ring-tiekiedraai, want dit vind maar altyd in die vorm van 'n tiekiedraai plaas. Hier vind soms verskillende afwykings en afwisselings in die woorde plaas.

Dit word vervelig om dieselfde ou liedjies oor en oor te sing, en nog verveliger om dieselfde dansie te dans, en spoedig begin die klompie met 'n ander dansie. Die rydans word gewoonlik begin met, „Vanaand gaan die volkies koring sny,” of met „Die een kant op en die ander kant af, en daar lê die ding.”

Die bekendste van die rydansliedjies is: „Wat maak oom Kalie daar?” en „Aai, aai, die witborskraai.” Dit neem egter nie lank nie of die dans is ook ou nuus, en iets anders moet probeer word. Die nuwe verandering vind plaas in gemengde speltjies, en „Aljarel, aljarel so deur die bos,” kry hier die voorkeur. Die vernaamste van die gemengde liedjies vind ons in „Jan Fiskaal,” „Die besem, die besem,” en „Al slaan my ma my neer.” Tog dien al die liedjies om die piekniek veelsydig te maak.

**Minneliedjies:** 'n Ander soort volksliedjie wat baie populêr is, ook onder die eerste Afrikaners, en vandag nog by voorkeur gesing word, is die minneliedjies. Die minneliedjie word byna elke dag gesing, meestal deur die individuele persoon in sy verlate toestand; origins staan die minneliedjies in nou verband met die piekniekliedjies. Dis nie soseer gemeenskapkuns nie, want dis nie so in die klomp gevorm nie. Hierdie liedjies begin al meer 'n letterkundige kleur te kry. Hulle is meestal epies van aard, of 'n legendariese verhaaltjie van een of ander held wat met 'n buitengewone perd na sy nooi gaan. Dis gewoonlik 'n appelblou skimmel, 'n vos of 'n blesperd, en die ou woordjie van *soetlief, hartlam, blommetjie,*

## Deur

### „'n Stem in die Woestyn.”

(Vervolg van bladsy 29.)

*hartedief of lammetjie* kom tot vervelens-toe voor, en die ou storie van moordpleging kom altyd voor as die held nie sy nooi verower het nie. Soos die geval met leriëse poësie in die algemeen, word ook hier die liefdegevoelens weergegee en liefdeservaringe meegedeel, dog altyd met 'n gevoel van verlange gesing. Die maat is soms sangerig, soos in leriëse sange. Omdat baie van die liedjies in die swerftydperk gevorm is, kom die ossewa, osse en die perd baie in die liedjies voor; en veral deur hulle, moet die liefdesvraagstuk opgelos word. Minneliedjies is gewoonlik langer, besit meer poëtiese gevoel en minder variante as die ander liedjies; baie verkleinwoordjies kom voor om die liedjie meer minlik te maak. Hulle is die voorgangers van ons ware poësie en is dikwels oorgeneem uit Duitse, Hollandse en Amerikaanse liedjies, veral omdat dié liedjies vorm gekry het voordat Afrikaans 'n taal geword het. Om dié rede is hulle meestal 'n mengelmoes van Hollands en Afrikaans; maar tog wel daar innigheid op uit sommige van die liedjies, soos ons kan voel in „Vaarwel, Kittie, lief”. Ons voel taamlik van daardie innige streling in „Daar gaan van vergange se dae 'n beeld voor my oë verby.”

Omdat baie van die liedjies navolgings is, besit hulle nog nie baie gevoelswaarde en innigheid nie; ons vind nie daardie heilige, geestelike liefde en gelouterde smart, wat ons, b.v., in *Laetitia* van Visser aantref nie. Minnepoësie is dit nog lank nie, tog vind ons merkwaardige stukkie onder dié minneliedjies.

Baie van die liedjies word ook, by wyse van afwisseling, op pieknieks gesing. Party van hulle het ook hul oorsprong by individuele digters gehad, maar omdat dit so met die volksgees strook, het dit volkseindom geword.

Soos reeds gesê, is baie van ons volksliedjies afkomstig uit die Engels, Amerikaans, Hollands, en Duits. Vat nou maar, by voorbeeld, ons populêrste minneliedjie, „Sarie Marais,” en ons vind uit dat dit afkomstig is van die Amerikaanse liedjie „Sweet Ellie Rhee.” Dis 'n Amerikaanse liedjie met Afrikaanse gevoel.

My Sarie Marais is so ver van my hart,

Maar ek hoop om haar weer te sien;

Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon,  
Nog voor die oorlog het begin. ens.

„Sweet Ellie Rhee so dear to me.

Is lost for evermore;

Our home was down in Tennessee,

Before this cruel war.”

Ons voel bepaald 'n gees van verlange in „Sarie Marais,” „Pollie ons gaan Pêrel-toe,” of „Japie, my skapie, ek verlang na jou”; maar ons vind nie altyd daardie verlange in ons minneliedjies nie. Dadelik kry ons daar ligsinnigheid in:

„Dis lekker om 'n jongman te bly,

Mooi perde te ry; mooi meisies te vry.”

En dan weer meteens gaan dit oor in ruheid of verspotheid; teenstellings van die een uiterste na die ander uiterste. Nou klink dit uit die piekniekganger se mond: „En nou het ek jou so baie lief.” En meteens slaan dit oor in:

„Oom Kalie steek 'n stywe dop;

Dan word hy net mooi hoenderkop,

En steek sy vrou onder die handsambok.”

Dan is dit weer ligsinnige spottery:

„Op haar hot-oog sit 'n karkaattjie;

Haar haar oog wys sy is 'n plaatjie,

Op haar neus sit 'n ghoem van 'n fraattjie,

Haar tong gaan soos 'n wekker koor,

En haar bekkie rek van oor tot oor.”

Of meteens in 'n ander rigting:—

„Want hier wil ek nie bly nie,

Want hier is niks van my nie.”

Of nou is dit die luimige liedjie:—

„Daar waar die son gaan slaap”;

en dan val dit meteens in met:

„Die bande wat ons vasmaak,

Sal niemand losmaak nie.”

Of skielik weer wys hy sy teleurstelling in:

„Drie lange jare het ek na haar gevry,

En nooit nie het ekke 'n soentjie gekry.”

Dan weer vind ons die dreiment:

„En hoekom nie gesê nie,

Dat jy my nie wil hê nie;

Dan het ek mos geweet,

Om jou in die pad te steek.”

Afgesien van al die navolgings, vind ons tog die meeste eg-Afrikaanse minneliedjies; liedjies wat gevorm is volgens Afrikaanse ideaal. Daar is geen ontboeseming van oordrewe sentimentaliteit nie; of van 'n ingebeelde smart by die teleurgestelde minnaar nie. Sonder te blik of te bloos, sê die jong kêrel ná sy mislukking: „Ag wat!

Dis nie hand-vol nie, dis land-vol;

Dis nie geplant nie, dis gesaai.”

Die minneliedjies openbaar duidelik die gang van ons eerste gedigte, wat gevolg het op die minneliedjies. Uit die liedjies blyk dat die liefde en huwelik partykeer nie soseer 'n innerlike motief gehad het nie, maar alleen die nodigheid van 'n vrou op die plaas, soos blyk uit die volgende:

„Maar Annie, lief, wat ek bemin,

Kom woon by my as koningin;

Dis alles wat my plaas nog mis,

Dan is ek mos volmaak, ou sus.”

Of hy het haar nodig om vir hom te sorg—veral kook, lap en stop; want hier volg dit:

„Sy kan lap en stop,

En kook jou sop.”

**Oorlog- en Spotliedjies:** Oorlog- en spotliedjies loop onafskeidelik parallel met mekaar, want in die meeste gevalle word daar gespot met die uitlander omdat die Afrikaner van ouds af die uitlander as 'n tiran en 'n vervolger beskou het.

In die oorlogliedjies vind ons daardie Afrikaanse gees van maak en breek; van manhaftigheid en grootmoedigheid, wat alreeds afkomstig is van die ou Kaapse koloniste op die grense. Hulle het geen vertroue in 'n regering gestel nie; het naderhand besluit om eiehandig alle Kafferkwessies op te los—daarom vind ons nog daardie onverskrokke, eiesinnige houding, 'n moedswillige, uitertende houding teen 'n wêreldmag, soos Engeland, want hulle sing:

„Engeland roem gerus;

Saal op jou grote mag;

Ons is vir jou nie bang nie—

Ja, nie geen enkele dag!”

Hierdie uittarting vind plaas al is die boere bewus daarvan dat hulle 'n nietige klompie is. Reeds vroeg, voor daar nog ooit geveg is, kan ons al die liedjies hoor vol grootpraterie en heldemoed.

„Die vierkleur van ons dierbaar land,

Die waai weer oor Transvaal;

En wee die Godvergete hand

Wat dit weer neer wil haal.”

**Volkshedere:** In nou verband met die oorlogliedjies staan ons volksliedere. Waar is daar 'n nasie wat nie sy volksliedere besit nie? Hierdie liedere word al van jongs af aan by die jeugd ingeboesem. Elke persoon word met 'n rilling van trots vervul wanneer hy sy volkslied hoor sing. Engeland het sy „Britannia rules the waves,” waar die grootheid van sy ryk besing word. „Die Wacht am Rhein” besiel die Duitser met groter en warmer liefde vir sy volk en vaderland, en is 'n aansporing tot volksliefde, getrouheid, waarheidsliefde en tradisie. Die Afrikaner sing met eie trots van sy grootse verlede, sy volk, taal en godsdiens in „Kent gij dat volk vol helden moed?” en „Waar Tafelberg begin, tot ver in die Transvaal.”

Die grootste oproep tot die volksgemoed vind ons in ons welbekende lied „Afrikaners, Landge-

note." Hierdie liedere smee die volksgevoel en 'n onwrikbare vertrou en 'n volksbesef saam. As liedere wek hulle vanself 'n eie trots in die hart van elke Afrikaner op. Daar op die eensame St. Helena het hulle die moed, eergevoel en trots van die gevangenes opgewek toe hulle oor die ruwe rotse en blou oseaan weergalm het. Die Vrystaatse volkslied vertolk weer afsonderlik die roem en eer van die Vrystater.

Hierdie liedere word volksliedere genoem omdat hulle een van die vernaamste eenheidsbande van die volk vorm. Hulle laat ook nog in ons 'n gevoel van trots teenoor die voorgeslag herleef. Verder strek hulle tot 'n sekere doel: veral die uiting van nasionale trots en selfverheffing, wat gesmee is op die ambeeld van kragtige, forse vaderlandsliefde.

*Wiegliedjies*: Nou kom ons by 'n skraal oes van volksliedjies, nl. wiegliedjies. Wiegliedjies is 'n huislike soort van volksliedjie, gering in aantal, buitengewoon ritmies, ryk aan fraai klanke wat saamgaan met die gesus van die wieg. Hierdie liedjies is gevorm in die mond van die Afrikaanse moeders, as hulle die kleintjies in die wieg of op die arm sus. Met die groei van die babetjie verander die liedjies. As baba nog baie klein is, word hy maar altyd liefkosend gesus. As hy al groot is, of dis nog vroeg in die môre, en sy lewendigheid van gees pak hom beet, dan ry Baba op Ma se knie en dan is dit:

„Hoe ry die Boere, sit-sit so, sit-sit so, sit-sit so!”

Net nou word hy moeg en die rymple neem 'n meer bedaarde toon aan: „Siembambaa, Siembambaa, Mame se Kindjie, Siembambaa.”

Baba is onrustig, en wys dat hy nie wil slaap nie; met groot, blink oë lê hy en rondkyk. Ma het werk wat sy wil doen, en half-ongeduldig verander die wiegdeuntjie in 'n dreiment. Baba lê nog en rondkyk, en met die uitroep „Blinkoog sal jou vang!” begin die liedjie nou:

„Doedoe, doedoe, Baba,  
Baba moet nou slapies;  
Blinkoog sal vir baba vang  
As baba nie wil slapies nie!”

Spoedig word Baba se kop half toegedruk teen

Ma se bors, nadat die uitroep: „Pas op, daar kom die gog!” gegee is. Baba, half in die nood, bly doodstil lê, en in 'n sussende maat word nou gesing:

„Blinkoog sal vir Baba vang;  
Mamma sal vir blinkoog ja!”

In die aand, as al die geraas verby is, en Baba nou regtig moet slaap, of as Baba se ore seer was, dan hoor ons die moeder by die flikkering van die kers, wat heen- en weerwaai, asof dit ook wieg, met haar liefkosende stem in byna fluisterende, sag-sussende, strelende tone. Sagter en sagter word dit, en later byna onhoorbaar, na mate Baba se oë flouer word, totdat eindelijk die stem ook stil is, en ons sien net die wiegende houding van Ma, onderwyl die tik-tok aan die ou huisklok ook meedoen. So eindig die wiegliedjie met:

„Slaap, kindjie, slaap,  
Daar buite loop 'n skaap.”

Baie moeders sing hier ook die Vlaamse gedig-gie „Moederke Alleen.”

So gaan Baba se ontwikkeling gepaard met baie wiegliedjies, en as Baba al groot is, hoor ons nog die sussende liedjie:

„Gee 'n stukkie lewer, vir die sieke wewer,  
En 'n stukkie longe, vir die sieke jonger.”

Die volksliedjies met al hul ruheid en onsin, met al hul gemaskerde taal en sarkasme, wek tog voldoening by ons op, omdat dit ons eie is. Die liedjies is 'n egte weerspieëling van die geestestoe-stand van die volk; dis 'n openbaring van die humoristiese gees van die Afrikaner, en een van die suiwerste toetse daarvan. Dit gee die Afrikaanse ideale van vryheid, vrolikheid, danslustigheid en veral die eie Afrikaanse volkskarakter weer wat ons die reg gee om ons Afrikaners te noem, en nie Hollanders nie. In die liedjies word die vier provinsies selfs ook onderskei. Hoe raak vertolk die liedjie:

„Daar kom tant Alie,  
Tant Alie om die draai;  
Tant Mieta kook stroop  
Van die meeboskonfyt,  
Van die Wellingtonse suiker,  
Teen 'n oulap die pond.”

Nie die Bolandsgees nie! „My Sarie Marais” wys weer dat dit Transvaals is, en selfs die Vrystaat het weer sy eie liedjies wat hom onderskei. Dis liefde, warm Afrikanerliefde wat uiting soek.

So leef en jubel die volksliedjies in die Afrikaanse volksmond.

Die Afrikaner het 'n besitting aan sy eie in sy volksliedjies; maar meer en meer word die liedjies deur die moderne beskawing verdruk, sodat baie van hulle in die vergetelheid verlore raak. Hulle word verdryf deur uitlandse liedjies wat op die grammofoon gespeel word. Waarom sit ons nie ons eie liedjies op die plate nie? Laat hierdie woorde 'n oproep tot ons volk wees. Maar gewoonlik besef ons die waarde van iets mos eers as dit ons ontnem is. Hier het die Afrikaner iets om te bewaar soos goud—iets wat sy eie is. Suid-Afrika kan nie selfstandig vry wees voordat hy nie sy eie waardeer en hoog ag nie; en sy volksliedjies is die eerste volkseie. Ons kan alleen hierdie volkseie vereer deur dit te laat weergalm oor die vrye berge en vlaktes in die skoon natuur. Laat dit jubel uit die mond van skaapwagter tot owerheid, want ons liedjies is ons sterke eenheidsband, wat vloei uit drang tot nasionalisme en patriotisme. Die volksliedjies is een groot fondamentsteen in ons kultuur, en tog kan ons nog vra: Wie ken die meeste van ons liedjies? Wie voel nie 'n vonk van lewe, 'n rilling van warm Afrikanerliefde in hom as hy sy liedjies hoor sing nie? Wie jubel nie as hy vroeg in die môre „Die hoenders die kraai, en die rooidag die breek,” hoor nie?

Vir altyd bly die liedjies nog vir ons mooi. Elke maal as ons dit hoor, wel daar vreugde in ons op. Daar word 'n spontane Afrikaner-gevoel aangewakker. Altyd behoort die liedjies in ons te leef. Dis die fondament van ons letterkunde en hoër ideale. Steeds word nuwe liedjies gebou op die oues; mag hulle steeds groei . . . ! Daar klink net „My Sarie Marais,” en dis of dit oor heel Suid-Afrika roep: Wees regte Afrikaners; wees troue Afrikaners; sing Afrikaanse volksliedjies. Laat dit weergalm, wyd oor die sombere berge, jubel met die murmelende waters, sweef met die sussende wonde; liedjies van Suid-Afrika . . . Stem van ons volk! Stem van Suid-Afrika!!!